

BYBELKUNDE AS SKOOLVAK

'N KRITIESE EVALUERING MET BESONDERE KLEM OP DIE LEERPLANNE

F A Swanepoel

Bybelkunde as skoolvak verkeer tans in 'n dilemma (as ons dit nie 'n krisis wil noem nie). Dit is 'n onbetwisbare feit wat by hierdie geleentheid en voor hierdie gehoor nie betoog hoef te word nie. Ons is almal bewus van die kwynende getal matrikulante wat Bybelkunde as matriekvak aanbied; van die onbeduidende persentasie skole waar Bybelkunde as matrikulasie-keusevak aangebied word en van die gevolge daarvan vir Bybelkunde as universiteitsvak; o a die nie-beskikbaarheid van beurse vir studente wat Bybelkunde as hoofvak aanbied en die kwynende getal Bybelkunde-studente aan die meeste universiteite.

Die vraag kom dan na vore: Waarom verkeer Bybelkunde in die huidige dilemma?

In die soeke na antwoorde op die vraag, sou m i drie aan mekaar verwante en verbonde probleemvelde geïdentifiseer kon word.

1 Die gesindheid van die owerhede.

Die onderwysbeleid is gebaseer op die beginsel van 'n Christelik-nasionale onderwys. Wet 39 van 1967 bepaal dat "die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, 'n Christelike karakter moet hê,¹⁾". Na aanleiding van bogenoemde artikel het die destydse Minister van Nasionale Opvoeding verder hierop uitgebou: "Die onderwys ... moet 'n Christelike karakter hê wat gegrondves is op die Bybel en wat beslag moet kry; (a) deur godsdiensoonderrig as verpligte nie-eksamenvak".²⁾

In die resente verlede is die beginsel as fundamenteel en ononderhandelbaar herbeklemtoon, o a deur die huidige Minister van Nasionale Opvoeding; in die Witskrif oor die

Die Lange-verslag; deur die onlangse onderwyskongres in Bloemfontein en andere. Wie egter na Bybelonderrig en Bybelkunde in die praktyk kyk, kan nie anders as om 'n vraagteken te plaas oor die praktiese implementering van dié beginsel nie. In dié verband kan bv net 'n verge=lyking gemaak word tussen Bybelonderrig en Liggaamlike Opvoeding. Beide is verpligte nie-eksamenvakke. Tog is vir lg poste aan alle skole en onderwyskolleges geskep, wat slegs deur toepaslik gekwalifiseerde persone gevul word. Vir Bybelonderrig daarenteen word spesifieke poste nie geskep nie. Dit is ook algemene kennis dat Bybel=onderrig selde tot sy reg kom. Hoe dikwels gebeur dit nie dat dit juis die Bybelonderrig-lesure is wat geplunder word as daar bykomende tyd vir ander "belangriker" sake gesoek word nie - ekstra Wiskunde, Musiek, die opstel van sportspanne - noem maar op!³⁾ Indien die beginsel van 'n Christelike onderwysbeleid die erns van die owerheid is, het die tyd aangebreek dat daar nie alleen daarvoor gepraat word nie, maar dat dit in die praktyk geïmplementeer word.

2 Die feit dat Bybelkunde alleen as 'n st 8-10 vak aangebied word.

Bybelkunde is die enigste vak wat op skool slegs vanaf st 8-10 aangebied word. Dit wil daarom voorkom asof dié instelling 'n soort van gewetensalf was. Die situasie is pedagogies nie verantwoordbaar nie. Die redenasie dat Bybelonderrig die aanloop tot Bybelkunde is, waar die skolier vanaf sub A of grd I met die vak in aanraking kom, waar die belangstelling vir en aanleg in die vak blootgelê word, gaan nie op nie, want die Bybelonderrig-leerplanne is nie afgestem op die uiteindelijke neem van Bybelkunde nie en Bybelonderrig is nie 'n eksamenvak waarin die skolier se prestasievermoë t o v die vak geëvalueer word nie. Dit alles bring mee dat die Bybelkunde-leerplan oorlaai is ten einde enigsins te poog om sinvolle inhoud aan Bybel=kunde as matriekvak te gee, en bring eweneens 'n groot risiko-faktor mee vir die skolier wat in st 8 begin met Bybelkunde as vak, want die skolier begin dan met 'n nuwe vak op dié stadium wanneer hy in totaal met vakvermindering besig is. T o v alle ander vakke kan die st 6 en 7 fase as 'n vakeksperimentele fase beskou word. Waarom word Bybelkunde uitgesonder om afgesny te word van dié fase? Bybelkunde sal in die huidige dilemma bly verkeer totdat die fout herstel is en Bybelkunde as 'n volwaardige eksamen-keusevak vanaf minstens st 6-10 ingestel is.

- 3 'n Derde probleemveld wat geïdentifiseer kan word, is die huidige Bybelkunde-leerplanne.

Die huidige Bybelkunde-leerplanne is medeverantwoordelik vir die dilemma waarin Bybelkunde as skoolvak verkeer. Dit sal nie moontlik wees om, in die tydsbestek aan hierdie referaat toegeken, in te gaan op alle punte van kritiek wat teen die huidige leerplanne ingebring kan word nie. Daarom word alleen die belangrikste punte van kritiek hier aange=stip.

3.1 Algemene Doelstelling

Doelstellings is die kurrikulumontwerpfaktor wat tans waar=skynlik die meeste aandag ontvang. In die verlede was die doelstellings met 'n onderrigprogram te dikwels 'n verskuil=de of ongeartikuleerde element. Huidige praktyk neig om die doel bewustelik op die voorgrond te plaas, want nie alleen is dit bepalend vir die verdere kurrikulumarbeid nie, maar word die sukses van die kurrikulum in die praktyk ook getoets aan die hand van die mate waarin die doelstellings met die studente bereik is. Die suiwer stel van doelstel=lings bring mee dat daar bv onderskei word tussen die denk=vlakke wat effektief hanteer moet word vir die doelbereiking, bv reprodusktiewe, insigtelike, toepasende, analitiese, sintetiserende, kreatiewe denke.⁴⁾

Die huidige algemene doelstelling lui: "'n Studie van die Bybel met die oog op kennis van die Bybel as Godsopenbaring en as grondslag van die Christelike geloof en lewe".⁵⁾

Die algemene doelstelling is te vaag. Ons vind dan ook in die leerplanne geen operasionalisering van die doelstelling in terme van doelwitte waarin die eindgedrag wat nagestreef word, nader omskryf word, aan die hand waarvan nie alleen die inhoudkeuse en -ordening, leerervaringe, middele en leergeleenthede beplan word nie, maar wat ook dien as grond=slag vir die evalueringswyses en -norme.

Die doelstelling identifiseer Bybelkunde en Bybelkennis as "'n Studie van die Bybel met die oog op kennis van die Bybel". Bybelkunde en Bybelkennis is nie identies nie en Bybelkennis kan nie as die doel van Bybelkunde omskryf word nie.

In die doelstelling word duidelik gestel dat dit in Bybel=kunde gaan om "'n studie van die Bybel", maar nêrens in die

leerplan word voorsiening gemaak vir die behandeling van 'n metodeleer nie. Die primêre vraag, nl hoe die Bybel bestudeer moet word, word nie aangesny of behandel nie. Dit sou as 'n wesensbeswaar teen die huidige leerplan kon geld. Die gevaar bestaan dan dat 'n skolier Bybelkunde as matriekvak kon slaag, maar nog steeds nie weet hoe om die Bybel te hanteer en bestudeer nie. Dit is nie opvoedkundig verantwoordbaar om die leerling alleen maar 'n mas= sale hoeveelheid feite te leer sonder om hom in die metode te onderrig ten einde hom in staat te stel om self te leer en die Bybel te bestudeer nie.

In die lig van die inleidende opmerkings i v m doelstellings sou verder gevra kan word of daar onderskei word tussen die denkvakke wat effektief hanteer moet word vir die doelbereiking, bv die reprodutiewe, insigtelike, toepassende, analitiese, sintetiserende, kreatiewe denke. Daar sou verder gevra kon word hoe die bereiking van die doelstelling geëvalueer word. Hoe word bv geëvalueer of die skolier se studie van die Bybel as grondslag van sy Christelike geloof en lewe bereik is? Is dit hoegenaamd die taak van Bybelkunde as wetenskaplike bestudering van die Bybel om te evalueer of die leerling die kennis van die Bybel implementeer as grondslag van sy geloof en lewe? Dit is sekerlik die begeerte van die Bybelkunde-dosent en -onderwyser dat die student en leerling dit wat hy geleer het implementeer, maar dit lê m i buite die doelstellingsterrein van Bybelkunde as akademiese dissipline.

Uit hierdie algemene opmerkings blyk dit dat die huidige algemene doelstelling vir Bybelkunde nie in sy doel slaag nie.

3.2 Die omvang van die leerplanne

Die huidige leerplanne skep die indruk dat die klem by die opstelling daarvan op kwantiteit geval het. Die leerplanne is te omvangryk. Bybelkunde-onderwysers het daarom van die begin van die instelling van Bybelkunde as skoolvak die beswaar geopper dat die leerplanne oorvol is en die leerlinge afgeskrik word deur die massale hoeveelheid veral van feitemateriaal wat gereproduseer moet word. In die st 8-leerplan word die Openbaringsgeskiedenis van die Ou en Nuwe Testament behandel, benewens die inleidende afdeling oor die bekendstelling van die Bybel, d w s 'n algemene inleiding tot die Ou en Nuwe Testament, d w s die

oorsprong, samestelling, aanvaarding, oordrag en vertaling van die kanon en die Bybelvertaling: Afrikaans, Engels en ander tale in die Republiek van Suid-Afrika. Die leerstof inhoud vir st 9 omvat die volgende: die Ou Testament (waar die hele Ou Testament behandel word, nl die Wet, Profete en Geskrifte) en die kultuur-historiese agtergrond van die Nuwe Testament. Die leerstofinhoud vir st 10 sluit die volgende in: die Nuwe Testament (waar al die Nuwe Testamentiese boeke oorsigtelik behandel word, met besondere klem op die Evangelie van Johannes, die brief aan die Filippense, en die Openbaring van Johannes), sowel as die Apostolicum en Die Bybel en Gebed.

Die klem op kwantiteit lei onwillekeurig tot 'n verlies aan kwaliteit. So word die Skrifleer, wat die oorsprong, samestelling, aanvaarding, oordrag en vertaling van die kanon sowel as Bybelvertaling omvat, in slegs 4 lesse in st 8 behandel. Uit die aard van die saak word dit uiters kursories behandel. Die leerervaring en voorkennis van die leerling word hier dan ook nie in ag geneem nie, soos blyk uit bv die kategese-handboeke van die N G Kerk waar die tema alreeds op 'n meer gedetailleerde grondslag behandel is, sodat die leerling hier niks nuuts leer nie.⁶⁾ Die kursoriese behandeling van die Openbaringsgeskiedenis, sowel as die boeke van die Ou en Nuwe Testament en die ander temas gaan ook mank aan dieptegang. Daar sal veel eerder deeglik aandag gegee moet word aan 'n metodeleer; aan hermeneutiek en aan die toepassing van die beginsels daarvan op 'n eksemplariese aantal boeke.⁷⁾ Sodoende sal die klem nie val op kwantitatiewe reproduktiewe vermoë nie, maar op die ontwikkeling van die reproduktiewe, insigtelike, toepassende, analitiese, sintetiserende, en kreatiewe denke van die leerling.

3.3 Kontinuiteit in die leerplanne

Die huidige leerplanne skeep die indruk van 'n kompromis tussen twee groepe. Daar is 'n kenmerkende gebrek aan kontinuiteit tussen die st 8-leerplan en die st 9- en 10-leerplanne, met 'n gevolglike duplisering van materiaal sowel as teenstrydighede. In die st 8-leerplan val die klem op die Openbaringsgeskiedenis. Daar sou nou geredeneer kon word dat ons hier te doen het met die noodsaaklike kultuur-historiese agtergrondsmateriaal, alvorens daar by die Bybel-boeke self uitgekom word. Dit is egter nie die geval nie, soos blyk uit die feit dat dele uit die Wet, Profete en

Geskifte in st 8 behandel word en herhaal word in st 9, bv Jesaja - die koning van die profete (Les 38 Bybelkunde st 8) en Besondere inleiding tot die boek Jesaja: Die naam; outeurskap; doel; kultuur-historiese agtergrond; hoofinhoud (Hfste 1-39); Messiaanse profesieë van Jesaja. Verdere voorbeelde sou ook aangetoon kon word.⁸⁾ Dit blyk eweneens uit die feit dat die kultuur-historiese agtergrond telkens weer by die betrokke gedeeltes in die st 9- en 10-leerplanne behandel word.⁹⁾ Sodanige duplisering is nie alleen sinloos nie, maar is geheel en al ongemotiveerd in die lig van die beperkte tydsaspek en die omvattenheid van die leerplanne.

Die gebrek aan kontinuïteit lei ook tot teenstrydighede. So vind ons in die st 8-leerplan en ten grondslag van die behandeling van die Ou Testamentiese Openbaringsgeskiedenis die drieledige indeling van Historiese, Digterlike, en Profetiese boeke, terwyl die st 9-leerplan die indeling van Wet, Profete en Geskifte as basis het. In die st 8-leerplan vind ons verder 'n besondere klem op die Christologiese interpretasie van die Ou Testament, terwyl dié ak-sent in die st 9-leerplan afwesig is. Dit lei tot verwarring by die leerling.

Die huidige leerplan gaan m i mank aan kontinuïteit en vorm nie 'n totale eenheid met elke eenheid daarbinne as 'n afgeronde eenheid met betrekking tot die groter eenheid nie.


In die lig van die kritiek wat hiermee oor die leerplanne as geheel uitgespreek is, sou dit nie nodig wees om in detail op die leerstofinhoud van elke standaard in te gaan nie.¹⁰⁾ Daar sou m i weer prinsipieel oor die kurrikulum-ontwerp van Bybelkunde as skoolvak besin moet word. Daar-mee wil nie te kenne gegee word dat die werk wat die sil-labuskomitee wat die huidige sillabus opgestel het van nul en gener waarde is nie, maar alleenlik beklemtoon dat kurrikulumontwerp 'n voortdurende proses moet wees waardeur optimale resultate deur en vir die vak verkry moet word. By die kurrikulumontwerp moet aandag gegee word aan:

- 1 Die situasie waarin die onderwys plaasvind.
- 2 Die algemene doelstelling en spesifieke doelwitte met die onderrigprogram.
- 3 Die leerervarings wat nodig blyk te wees om die gestelde

doelwitte en doelstelling te bereik.

- 4 Die leerinhoud wat die leerling behoort te bemeester.
- 5 Die leergeleenthede wat geskep moet word.
- 6 Die evaluering van die sukses wat met die hele program behaal is waar beide die produk en die proses onderworpe is aan evaluering.¹¹⁾

Skematies sou dit as volg uitgedruk kon word:



As resultaat van wat hiermee betoog is, wil ons graag die volgende moontlike leerplanne as basiese werksmodel aanbied.¹²⁾ Hier moet in gedagte gehou word dat dit:

- 1 geen volledige kurrikulumontwikkeling insluit nie;
- 2 as basiese werksmodel slegs 'n algemene doelstelling bevat, terwyl spesifieke doelwitte nie aangestip is nie;
- 3 as werksmodel nie bedoel is om "finale" leerplanne te wees nie, en derhalwe alleen die hoofkomponente bevat.

B Y B E L K U N D E

'N WERKMODEL-SILLABUS VIR ST 6 - 10

Algemene doelstelling:

Die algemene doelstelling van Bybelkunde is om die leerling in staat te stel om die Bybel as Woord van God te hanteer en die boodskap van die Bybel te bepaal.

ST 6

- 1 Sisteamatiek
 - 1.1 Skrifleer
 - 1.2 Hermeneutiek
- 2 Ou Testament
 - 2.1 Oudheidkunde
 - 2.2 Vroeër Profete
- 3 Nuwe Testament
 - 3.1 Kultuur-historiese agtergrond: Joodse en Griekse wêreld
 - 3.2 Handelinge en die Algemene briewe

ST 7

- 1 Ou Testament
 - 1.1 Geskiedenis van oud-Israel (Uittog tot 586)
 - 1.2 Die voor-eksiliese profete
- 2 Nuwe Testament
 - 2.1 Kultuur-historiese agtergrond: Romeinse wêreld en Jode in verstrooiing
 - 2.2 Die Johannese geskrifte
- 3 Sisteamatiek
 - 3.1 Antropologie : die mens
 - 3.2 Sonde en verlossing

ST 8

- 1 Ou Testament
 - 1.1 Bybelse Aardrykskunde
 - 1.2 Die eksiliese en na-eksiliese profete
- 2 Nuwe Testament
 - 2.1 Kultuur-historiese agtergrond: Die Joodse volkslewe
 - 2.2 Die Sinoptiese Evangelies

- 3 Sistematiek
 - 3.1 Christologie
 - 3.2 Hermeneutiek

ST 9

- 1 Ou Testament
 - 1.1 Argeologie en teks- en kanongeskiedenis
 - 1.2 Die Pentateug
- 2 Nuwe Testament
 - 2.1 Teks- en kanongeskiedenis
 - 2.2 Die Pauliniese briewe
- 3 Sistematiek
 - 3.1 Godsleer

ST 10

- 1 Ou Testament
 - 1.1 Godsdien- geskiedenis
 - 1.2 Die Geskrifte
- 2 Nuwe Testament
 - 2.1 Die Pauliniese briewe; Hebreërs en Openbaring
 - 2.2 Teologie van die Nuwe Testament
- 3 Sistematiek
 - 3.1 Pneumatologie
 - 3.2 Eskatologie

VOETNOTAS

- 1) Suid-Afrika. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, no 39 van 1967.
- 2) Suid-Afrika: Staatskoerant, Nr 3306, 12 November 1971 p 18.
- 3) J S Labuschagne, Inspekteur van Onderwys in: J H Botha, *Bybelonderrig in die Primêre Skool*, UPE, Navorsings= publikasie C 13, 1980.

- 4) Vgl BLOOM B S e a, *Taxonomy of Educational Objectives*, I and II, London, 1956 and 1964
 DE CORTE E e a, *Beknopte Diaxologie*, Groningen, 1972
 GRONLUND N E, *Stating behavioral objectives for classroom instruction*, London, 1970
 HILL J S, *Kriteria vir die Seleksie en ordening van kurrikuluminhoud*, Pretoria, 1976
 LINDVALL C M, *Defining educational objectives*, Pittsburgh, 1964
 MÖLLER C, *Technik der Lemplanung*, Weinheim, 1969
 POPHAM W J en EVA L BAKER, *Establishing instructional goals*, Englewood Cliffs, 1970
 KING A R en J A BROWNELL, *The Curriculum and Discipline of Knowledge*, New York, 1966.
- 5) Vgl verder BOTHA J H, *Bybelonderrig in die Primêre Skool*, Port Elizabeth, p 3, 10-13.
- 6) Vgl MALAN D J (red.), *Leer uit die Woord*, Bloemfontein, 1978, p 15-27.
- 7) Vgl bv DEIST F E, *ABC van Bybeluitleg*, Pretoria, 1981.
 LANDMAN W A en M E J VAN ZYL, *Inleiding tot 'n uitleg van Protestantwees en die betekenis daarvan by die Opvoederlike Inhoudgewing*, Pretoria, 1975, p 12-26
 ROSSOUW H W, Hoe moet 'n mens die Bybel lees? Die hermeneutiese probleem. *Scriptura* 1, Julie 1980 p 7-28.
- 8) Vgl bv die behandeling van Eksodus in die st 8 en 9 leerplanne; sowel as die duplisering van Samuel, Psalms; gegewens uit die Evangelies; Handelinge en die briewe van Paulus.
- 9) Vgl bv die leerstofinhoud vir st 9: 4.1.1.1; 4.1.2.3; 4.1.3.1; 4.1.3.2(c) en die leerstofinhoud vir st 10: 5.1.3.3.
- 10) In die verband sou bv t o v die leerstofinhoud vir st 8 op die volgende gewys kon word:
 - 1 Die stelling: "God het dit gedoen in die Ou en Nuwe Testament" is 'n aanduiding dat ons hier gevaarlik aan 'n meganiese inspirasieleer kom. (In die Handboek is die gevaar egter versigtig omseil.)
 - 2 Die gelykstelling van feite en gebeurtenisse in die sin: "Hy (God) het in die Bybel baie feite en gebeurtenisse aan ons bekend gemaak", is ongelukkig, aangesien 'n feit 'n subjektiewe weergawe is van 'n gebeurtenis, wat eenmalig en onherhaalbaar is.
 - 3 Die stelling: "Openbaringsgeskiedenis wil aandag gee

aan die diepere sin"; neig na en sou die weg kon open vir 'n allegoriese interpretasie van die Bybel. (In die Handboek is dié gevaar egter ook vermy.)

4 Die Ou Testament word Christologies geïnterpreteer, soos blyk uit, "In die Ou Testament gaan dit onder andere hoofsaaklik oor die taak van Israel as draer van die Godsopenbaring om sō uit te loop op Christus na die vlees tot 'n lig vir die nasies". In die verband vind ons ook die tipologiese verklaring van Gen 3:15 as eerste Messiaanse aankondiging (p 4); die offer van Abraham wat heenwys na Christus se offer (p 5); die manna, as teken van die ware Brood, nl Christus (p 5); die pasga as heenwysing na Christus (p 5). In die Ou Testamentiese wetenskap word die tipologiese verklaringswyse en die Christologiese interpretasie van die Ou Testament vandag skerp bevraagteken. Vgl bv Vorster W S, *The messianic interpretation of Genesis 3:15; A methodological problem*, *Studies in Wisdom Literature*, OTWSA, Pretoria, 1973.

- 11) Vgl PAUW J R, *Beginnels by kurrikulumontwerp in 'n universiteitsopset*, Johannesburg, 1978
 HILL J S, *Kriteria vir die seleksie en ordening van kurrikuluminhoud*, Pretoria, 1976
 KRUGER R A, *Enkele kriteria vir Universiteitskurrikula*, Johannesburg, 1978
- 12) Vgl verder VAN HUYSSTEEN J W V, *Wat is Bybelkunde?*, Port Elizabeth, 1974.

V O O R S T E L L E

- 1 Die betrokke Owerheidsinstansies word dringend versoek om Bybelonderrigposte in primêre en sekondêre skole te skep en te vul met toepaslike gekwalifiseerde persone.
- 2 Die betrokke Owerheidsinstansies word dringend versoek om volwaardige Bybelonderrigdepartemente aan alle Onderwyskolleges daar te stel.
- 3 Die betrokke Owerheidsinstansies word dringend versoek om Bybelonderrig as eksamen- en spesialisasievak aan alle Onderwyskolleges in te stel.
- 4 Die departement van Nasionale Opvoeding word dringend versoek om Bybelkunde as eksamen- en keuseskoolvak vanaf st 6 tot st 10 in te stel.

- 5 Die departement van Nasionale Opvoeding word versoek om die Bybelkunderleerplanne indringend te hersien.
- 6 Die kongres stel 'n kommissie aan om:
 - 1 die Bybelkunde leerplanne indringend te hersien en
 - 2 die gesamentlike sillabuskomitee by te staan in die hersiening van die huidige Bybelkunderleerplanne.